## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM Gespreksgroep

ACIM het afgesluit vir die kwartaal
Ons begin weer Donderdag 11 Oktober 2012
Kontak Terblanche vir meer info

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________

**E-Mail**______________________ **Sel**______________

**Woonadres**

______________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)
Durbanville

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra vir 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |
|---|---|



# Neo-Spektrum
## 23 September 2012
## OM DIE SIEL TE ONTHOU
## Rituele om te skuif van Ego-denke na Siel-denke

## STILTE IN DIE KAPEL

~ You Raise Me Up — Secret Garden ~

When I am down and oh my soul so weary;
When troubles come and my heart burdened be;
Then, then I am still and wait here in the silence
Until you come and sit awhile with me.

You raise me up, so I can stand on mountains;
You raise me up, to walk on stormy seas;
I am strong, when I am on your shoulders;
You raise me up … to more than I can be.

There is no life—no life without its hunger;
Each restless heart beats so imperfectly;
But when you come and I am filled with wonder;
Sometimes, I think I glimpse eternity

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Eli, Eli — Let it never come to an end
the sand and the sea, the ripple of the water,
the glitter of the sky, the prayer of man.
Sand and sea, ripples of the water,
Glitters of the sky, prayers of man.

## STILTE VAN BUITE

~ Eli, Eli (my God, my God) — Sophie Milman ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

**Siel is asem ♥ Siel is Lewe**
**Siel is die spens van die lewenshuis**
**Seisoene van die Siel**
**Dankbaarheid is die taal van die Siel**

Paulus het toe in die middel van die Areopagus gaan staan en gesê: "Ateners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is. Terwyl ek deur julle stad geloop en kyk het na die plekke waar julle aanbid, het ek ook 'n altaar gekry waarop geskrywe staan: **'AAN 'N ONBEKENDE GOD.'** "Nou ja, wat julle aanbid sonder om daarvan kennis te hê, verkondig ek aan julle. God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, hý is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee." **(Handelinge 17:22-25)**

As ek iemand hoor sê: "I've lost my soul" óf "ek voel nie meer my siel nie" ... dan hoor ek: "ek het my konneksie met die lewe verloor" ... óf... "ek dink my lewe het geen betekenis nie" — "ek't my innerlike betekenis verloor" - "ek't my verbeelding en kreatiwiteit vergeet"

### RITUELE VIR WAARDERING EN DANKBAARHEID

**VUUR** — Begin jou dag met 'n kersie vir 5 minute. Die lig van die kerk verdryf alle duisternis en bring die gevoel van dankbaarheid (gratitude) - dankie vir my gesondheid want dit laat my goed voel; dankie vir my werk want dit versorg my familie; dankie vir ons kinders want hulle laat ons jonk voel; dankie vir my ewemens want hulle laat my onthou ons is almal één.

### RITUELE VIR VERGIFFENIS EN VERSOENING

**GROND** — Maak 'n lys van goed waaraan jy vashou: maak 'n bedding en plant 'n boom; koop blomme en laat dit jou herinner om niks en niemand te blame (hold no grudges) want blomme doen dit nie vir jou vaas; terwyl jy kosmaak word bewus van uit grond gevorm en asem gegee.

### RITUELE VIR HELING EN HEILIGING

**WATER** — Ons is driekwart water en ons water raak soms besoedel deur alles wat by ons oë ingaan maar veral wat tussen ons ore aangaan. Enige vorm van 'abuse' (beheer & beseer) troebel ons water. Maak van 'bad' 'n ritueel of LET GO. Stap in seewater en reinig alle 'bagasie'

### RITUELE VIR LIEFDE EN LEWE

**LUG**— Maak die vensters en deure oop en as dit geblok is, breek die dak af. Staan en stap buite en word bewus van die lug. As jy bid of mediteer begin deur te fokus op jou asemhaling. As jy gespanne of onseker is, "haal diep asem" (spreuk) - gee/suiwer liefde lug deur vier basiese goed te onthou: sê dankie; asseblief; goeiemore; goeienag! (Hou 'n veer, kers, water, grond in huis)

NB!! Rituele maak een oomblik anders as die ander. Rituele gee betekenis; insig en uitsig. Rituele herinner en onthou wie ons IS. **Rituals provide us with ... a sense of security, stability, connectedness and belonging.**

Laat ons liefhê soos Hy lief het
Laat ons ander help soos Hy hulle help
Gee soos Hy gee, dien soos Hy dien, red soos Hy red
Deur met Hom te wees, 24 uur van die dag en aan Hom te raak
in watter vorm Hy ook na ons toe mag kom.
— Moeder Teresa —

## YOU COULD ONLY GIVE WHAT YOU HAVE AND HAVE WHAT YOU GIVE !!

~ Ek slaan my oë op na die berge — Chris Lamprecht ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Dink aan die Goddelike Gees*
*aan die siel van die mens.*
*Die siel is nie tevrede met 'n lewe in afsondering nie –*
*Dit storm die kosmos in,*
*deur die sonnestelsels en skaal deur die hemele,*
*op soek na die Gees wat die hemele aandryf.*
*As gevolg van hierdie energie*
*is alles op hierdie aarde groen en vrugbaar,*
*tot die blaar uit die stam skiet.*
*Die siel is nooit tevrede met wat dit is nie,*
*dit druk deur*
*dieper en dieper in die ruimte in*
*verder en verder in die donkerte van die heelal,*
*opsoek na die Oorsprong*
*na die plek waar die siel vandaan kom.*
*Die siel wil deur God ingebreek word,*
*God lei die siel in die woestyn in*
*dieper in afsondering met die Goddelike*
*tot waar dit een is met God,*
*tot daar waar God, God is!*

*– Meister Eckhart –*

---

## AS ONS UITSTAP

~ You are Loved (don't give up) — Josh Groban ~